Andries Gouws agouwss@landbou.com



Osafronding 'n fyn kuns en groot uitdaging

Dis 'n fyn kuns om 'n slagos markgereed te maak sodat die karkas aan die vereistes van die nasionale karkaskompetisie voldoen. Die uitdaging en mededinging is stimulerend en dit is 'n uitstekende leerskool vir boere om die mark reg te kan bedien.

'n Kalf met só 'n breë kop – met die oë wat wyd uit mekaar sit, 'n breë bek en 'n kort neusbeen – presteer goed in 'n afrondingsprogram, sê mnr. CA Froneman.

Om die ideale karkas te lewer, bestaan nie daaruit dat 'n boer oor 'n tydperk die slagosse se voerbakke vol hou en die diere dan laat slag nie. Dié proses begin maande tevore as die regte speenkalf uitgesoek word, sê mnr. CA Froneman van die plaas Randfontein, digby Wasbank in KwaZulu-Natal.

En dan begin die sorgvuldige afronding, wat 'n fyn kuns is om te sorg vir optimale spierontwikkeling en 'n egalige vetbedekking oor die hele karkas. As 'n mens in dié tyd 'n fout maak, is dit gewoonlik onomkeerbaar.

Vir so lank as wat hy boer, verskaf dit hom enorme genoegdoening om 'n maer kalf te vat en dit oor 'n tydperk van sowat vier maande in 'n uitstekende karkas te omtower.

"Dit is my passie om dinge te verbeter. Daarom boer ek met stoetbeeste, want daar is vir my min dinge so bevredigend as teling en veeverbetering. Ek stel intens belang daarin om uit te vind hoekom een bees beter is as 'n ander en om daardie beter eienskappe in meer diere te vestig.

"Ek glo genetiese en fenotipiese eienskappe van beeste kom in 'n pakket. 'n Bees wat uitstekende genetiese eienskappe het, maar nie struktureel korrek, in balans en by sy omgewing aangepas is nie, is veral vir die kommersiële boer nie die beste belegging nie. Net so is die teenoorgestelde ook waar.

"In Suid-Afrika is dit meestal baie moeilik om die omgewing by die bees te kan aanpas. Daarom mik ek daarna om met funksioneel doeltreffende beeste te boer. Daar is nie swak beesrasse nie, maar dit is ook so dat sekere rasse beter en makliker in spesifieke omgewings aanpas," sê Froneman.

Die groep van drie karkasse waarmee mnr. CA Froneman uitstekend gevaar het in Vryheid se karkaskompetisie. In die middel hang die kampioen-enkelkarkas. Van links is mnre. John Kirk, die afslaer wat die kompetisie gereël het, Froneman, Boeta Fourie, wat die karkasse gekoop het, en S. Odayon van Samic.

Die doelwit is om 'n ongewisselde bees te voer en af te rond sodat dit 'n warm karkas van 190 kg tot 280 kg lewer, 'n bouvorm van +5 het, wat as 'n graad A2-karkas gegradeer word en 'n egalige vetverspreiding oor die hele karkas het.

Dit op sigself is al baie gevra, maar as 'n mens aan die karkaskompetisie deelneem, moet dié karkas op 'n spesifieke tyd gelewer word.

Kies die regte kalf

Waar begin 'n mens? "Ek begin met die eindoel in gedagte," sê Froneman. "Myns insiens speel die tipe kalf waarmee 'n mens begin, die vernaamste rol. 'n Swak kalf wat nie die eienskappe het om 'n goeie karkas te lewer nie, kan nie met voer reggedokter word nie. En begin 'n mens met 'n kalf wat te swaar is, gaan jy sukkel om teen slagtyd 'n karkas met die regte bouvorm en vetbedekking te hê.

"Ek begin graag met 'n kalf wat 'n goeie kondisie het, maar nie swaarder as 220 kg weeg nie, wat die regte bouvorm het en wat ek ná 'n aanpassingstyd vir 70 dae kan voer om ▶

LANDBOUWEEKBLAD VRA . . .

Wat het jy geswot?
Ek het B.Com. LL.B. op Stellenbosch behaal en in 1979 voltyds begin boer omdat dit my droom en begeerte was om eendag te kan boer. Toe die geleentheid hom voorgedoen het, het ek dit met albei hande aangegryp.

Mnr. CA Froneman

Wat maak jou opgewonde oor die boerdery?
Om beeste beter te leer ken en hulle só te verbeter sodat ons ons nasionale kudde meer funksioneel en meer winsgewend sal maak. My passie is verbetering! (Die stoetboere het die grootste invloed op ons nasionale beeskudde!)

Wat was jou grootste fout as boer?
Ek moes vroeër met Simbras begin boer het.

Wat was die beste raad wat jy tot nog toe gekry het?
Uitsonderlike koeie teel stoetbulle en goeie bulle word gebruik om nóg beter koeie te teel!

'n Afgeronde Simbra-os met die ideale eienskappe – 'n sterk kop, 'n goeie skofplasing, 'n sterk en goed bespierde rug en 'n uitstekende agterkwart met voldoende diepte.

Vir Froneman het dié kalf minder gewenste eienskappe. Hy is ietwat hoog op die been, met 'n silindriese bouvorm wat waarskynlik nie met voer reggedokter kan word om die ideale karkas te lewer nie.



Staatmaker Geelbasters

Die gedugte pakket word gekenmerk deur sterk meerkoppigheid, kompensasie vermoë, wye gebiedsaanpasbaarheid en stabiliteit.

PANNAR se geelbasterreeks met verskillende groeiseisoenklasse bied optimale risikoverspreiding. Die YieldBoost™ swamdoder-spuitprogram is 'n koste-effektiewe bestuursinset wat die produksiedoeltreffendheid van die ultravinnige en medium-vinnige mieliebasters kan verhoog.

Ultravinnig:	*Medium-vinnig:*	*Medium:*
PAN 3Q-222 NUUT!	PAN 4P-316	PAN 6P-110
PAN 6236B	PAN 4P-316B	PAN 6Q-308B
PAN 3P-502R	PAN 4P-516R	PAN 6Q-508R
PAN 3Q-740BR	PAN 4P-716BR	PAN 6Q-708BR

PANNAR®

Prestasiebeproefde saad

GLOBALE TEGNOLOGIE PLAASLIKE PRESTASIE

www.pannar.com

infoserve@pannar.co.za

2012/MAIZE/A/03A